Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2019-04-05

NUUSBRIEF 5/2019

VAN DIE HOOF SE KANTOOR

Tydens die skoolvakansie het ons skool blootstelling in die plaaslike koerante asook nasionale radio (RSG) gekry. Ons atlete het ***nasionaal deelgeneem*** en die rugby- en netbalspanne het aan 'n toernooi in ***Riebeek Vallei*** deelgeneem. Ons het ook 'n baie suksesvolle ***GWK/Stulting Veeveiling*** gehou.

Ons staan aan die begin van 'n baie opwindende tweede kwartaal vir ons skool. Ons sportspanne gaan aan verskeie ***wedstryde*** en ***sportdae*** deelneem. Ons hou 'n ***Kodering en Robotika*** inligtingsaand by die skool asook 'n uitstalling by die Fountains Mall. Ons hou ook ***skoolkonsert***. Ons Gr. 7-leerders besoek ***Kaapstad*** en die Gr. 4-7-leerders skryf ***eksamen***. Om die kwartaal mee af te sluit vier ons op 7 Junie ***Laerskool Stulting se 80ste verjaardag*** tydens die Gala-aand by die Lombardini Wildsplaas.

LAERSKOOL STULTING WORD 80-JAAR OUD

Om die ***stigting van ons skool in 1939*** te vier, beplan ons die ***Gala-aand*** wat op 7 Junie by die Lombardini Wildsplaas gehou gaan word. Ons gaan ook 'n ***Stulting resepteboek*** tydens die geleentheid vrystel. Ons is tans besig om die resepteboek te finaliseer. Stuur u gunstelling familieresep skool toe, deur dit te epos na lisemduvenage@gmail.com of bring die resep teen 18 April na die kantoor. Maak seker dat jou resep 'n titel, jou naam en 'n foto van die leerder bevat. Indien daar enige navrae is, kontak asb. me. Duvenage by 072 2255 899.

Ons wil graag soveel moontlik oud-leerders, oud-onderwysers, oud-ouers, ens. by die Gala-aand geleentheid betrek. Stuur asb. kontakbesonderhede van hierdie persone na die skoolkantoor.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

AKADEMIE

Kodering en Robotika Inligtingsaand: 'n Geleentheid vir ouers om te kom kyk wat ons kinders tydens die kodering en robotika lesse uitrig word in die skoolsaal gehou op Dinsdag 9 April vanaf 17:30 – 18:30. Leerders vanaf Gr. 1-7 sal demonstreer wat hierdie dissipline behels.

Kodering en Robotika-uitstalling by Fountains Mall: 'n Geleentheid om vir die publiek te wys wat ons skool doen gaan Saterdag 27 April tussen 09:00 en 14:00 voor Pick 'n Pay plaasvind. Ons leerders sal in groepe hul vaardighede ten toon stel. Kom ondersteun asb. ons leerders.

Kaapstadtoer (Gr. 7): Ons Gr. 7-leerders besoek vanaf 12-17 Mei Kaapstad tydens hul jaarlikse opvoedkundige toer. Hulle gaan verskeie besienswaardighede besoek soos o.a.: Die Kasteel, Tafelberg, die Twee Oseane Akwarium, Kirstenbosh Botaniese Tuine, ens. Die Gr. 7-onderwysers vergesel die leerders tydens hul toer.

Toetsroosters en -afbakening: Die leerders ontvang op 10 April hierdie inligting.

Eksamenroosters en -afbakening: Die leerders ontvang op 23 April hierdie inligting.

Gr. 4-7 eksamen: Ons leerders skryf vanaf 27 Mei tot 7 Junie eksamen.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

KULTUUR

Leerderkonsert: Ons leerders is hard aan die oefen vir ons konsert. Ons versoek alle ouers om asb. R 100 skool toe te stuur. Hierdie gelde word aangewend om konsertonkostes te dek. Ons gaan nie soos in die verlede 'n konsert T-hemp laat maak nie. Konsertvertonings vir die publiek vind plaas op 7, 9 en 10 Mei. Die kleedrepetisie vind op Maandag 6 Mei plaas. Die skool sal tydens die konsertweek daagliks om 12:00 verdaag.

Konsert Grimering: Soos in die verlede is ons aangewese op ouers om grimering vir die gebruik tydens die konsert te skenk. Kontak asb. juf. Melissa Fouche indien u kan help.

SPORT

Buitemuurse rooster: Die buitemuurse rooster vergesel hierdie nuusbrief. Die aktiwiteite begin Maandag 8 April. Ons verwag van al ons leerders om aan ten minste een sport- of kultuuraktiwiteit deel te neem.

SA Skole Atletiek Kampioenskappe: Die uitslae van die genoemde kampioenskappe gehou te Germiston van 14-16 Maart 2019:

1. Chanél Nell (D o/10 GS) – Top 20
2. Ezra Karolisin (S o/10 GS) – Top 15
3. Muhizi Jamaar (S o/12 HS) – Top 20
4. Bryan Katoo (S o/13 80 mH) – 9de
5. Bryan Katoo (S o/13 200mH) – Top 15
6. Bryan Katoo (S o/13 VS) – 9de

(5 van die 21 atlete vanuit die Sarah Baartman-distrik wat in die provinsiale span opgeneem is kom van Stulting af. Dit verteenwoordig byna 25%)

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stulting Skaaktoernooi - 18 Mei 2019: Die skaaktoernooi sal voorsiening maak vir spelers vanaf o/7 tot o/14 (in Gr. 7). Die toernooikostes beloop R 100 per speler wat ook ‘n verwelkomingspakkie en middagete insluit.

Pryse sluit kontant, geskenkbewyse en skaakstelle in. Die algehele toernooi wenner ontvang ‘n tablet en toernooi trofeë asook 5 skaakstelle vir sy / haar skool. Deelnemers kan meer inligting by juf. Jolene Heyns kry.

FONDSINSAMELING

Busfonds: Die lootjieboek met 20 kaartjies wat teen R 20 elk verkoop moet word moet dadelik aan die skool terugbesorg word. Die waarde van die boekie is R 400. Ons dank u by voorbaat vir die positiewe gesindheid teenoor hierdie fondsinsamelingsprojek.

Witolifant Verkoping: Skenk asb. al u werkende, maar ongebruikte artikels wat by die huis rondstaan aan die skool. Ons gaan hierdie artikels bymekaar maak en op Donderdag 19 September tydens die Witolifant verkoping by die skool verkoop.

GWK / STULTING Maandelikse Veiling: Die veiling het op 27 Maart plaasgevind. Baie dankie aan ons ouers en vriende van die skool wat beeste geskenk het. Ons prefekte en personeel het die veiling ter ondersteuning bygewoon. Die veiling het R 215 000 opgelewer.

Stulting groete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF